A+

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2016

# DRAMATIESE KUNSTE

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | 30 punte |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | 40 punte |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 | 40 punte |
| AFDELING D: | Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | 40 punte |

2. **AFDELING A**
**Alle kandidate moet hierdie vraag beantwoord deur na die toneelteks wat hulle bestudeer het, sowel as relevante 20ste-eeuse teaterbeweging te verwys.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-teks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Moed* — Vertaling van Bertolt Brecht-teks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**ABSURDE TEATER**
- *Waiting For Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-teks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Prima Donna* — Eugeni Ionesco
- *Die Kaalkop Prima Donna* — Vertaling van Eugene Ionesco-teks

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**

**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag uit hierdie afdeling beantwoord.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | P.G. du Plessis |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4. **AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER (NÁ 1994)**

**Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani |
| VRAAG 6: | *Missing* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae. VRAAG 7 is VERPLIGTEND.**

VRAAG 7: Die Geskiedenis van Teater (VERPLIGTEND)

**Antwoord SLEGS EEN van die volgende vrae:**

VRAAG 8: STEM- EN FISIESE WERK OF
VRAAG 9: LEWENDIGE OPVOERING OF
VRAAG 10: KULTURELE OPTREDES EN RITUELE

**NOTA AAN ONDERWYSERS**

AFDELING D kan elke jaar ŉ verskillende aantal vrae bevat, afhangende van die aspekte wat getoets word en die bronmateriaal wat gebruik word.

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING A: TWINTIGSTE EEUSE TEATERBEWEGINGS**

**VRAAG 1: TWINTIGSTE EEUSE TEATERBEWEGINGS**

Verwys na die 20ste-eeu se "isme" wat jy hierdie jaar bestudeer het om die vraag te beantwoord.

Bestudeer die volgende aanhaling en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Om in staat te wees om in verskillende style toneel te speel, gee vir jou 'n beter kans om 'n suksesvolle akteur te wees. Maar natuurlik moet jy in staat wees om tussen verskillende style te kan onderskei. |

*www.acting-classes-online-tips.com*

Neem die teatertegnieke van die toneelstuk wat jy bestudeer het in ag en evalueer hoe hierdie tegnieke die hoofkarakter(s) se toneelspel beïnvloed.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Navorsing
- Teks-ontleding
- Die skep van 'n karakter

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

eeduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER [1960–1994]

Beantwoord SLEGS EEN vraag uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

2.1 Identifiseer TWEE bybelse verwysings wat in *Woza Albert!* voorkom. (2)

2.2 Bespreek die gebruik van argitipe/stereotipe karakters en gee voorbeelde uit die toneelstuk. (6)

2.3 Kan *Woza Albert!* as deel van die term, 'agitprop' geklassifiseer word?

Verwys na 'n spesifieke kwessie wat in die teks aangeraak word om jou antwoord te ondersteun. (5)

2.4 Lewer kommentaar op die gebruik van kostuums as 'n vorm van karakter transformasie in die toneelstuk *Woza Albert!* (5)

2.5 Verduidelik die term 'satire' in terme van *Woza Albert!* Gee 'n voorbeeld uit die toneelstuk. (4)

2.6 Hoe kan 'n akteur van stem- en fisiese vaardighede in sy toneelspel gebruik maak in 'n produksie soos *Woza Albert!*? (8)

2.7 Watter bewyse vind ons wat die toepassing van Arm-/Gestroopte Teater-tegnieke in die toneelstuk staaf?

Verwys na Arm-/Gestroopte teater-konvensies sowel as voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (10)
**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

3.1 Noem DRIE redes waarom mense gemeenskapteater maak. (3)

3.2 Kan *Sophiatown* as ŉ gemeenskapteaterproduksie geklassifiseer word?

Verskaf TWEE redes vir jou antwoord. (4)

3.3 Lees die onderstaande uittreksel van die Universiteit van Johannesburg deur Natasha Erlank en Karie L Morgan, *Sophiatown.*2015.

> Sophiatown is in die vroeë 20ste-eeu as ŉ vrypag-area, een van twee areas in Johannesburg waar Afrikaners eiendom kon besit, gevestig. Gedurende die 1940's en 1950's was Sophiatown deur armoede geaffekteer, maar dit het ook as ŉ plek vir politieke aktivisme en kulturele produksie gedien.

3.3.1 Watter politieke aktiwiteite, dink jy, is gedurende die bogenoemde era in die Sophiatown woonbuurt beoefen? Bespreek ten minste TWEE aktiwiteite. (5)

3.3.2 Bespreek die redes waarom Sophiatown se leefstyl as multi-kultureel geklassifiseer word. (6)

3.3.3 Verduidelik hoe die politieke situasie van daardie tyd ŉ rol in die sloping van die muti-kulturele omgewing gespeel het. (5)

3.3.4 Noem enige TWEE skrywers wat in die Sophiatown era geleef het. (2)

3.4 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

> - Tsotsis kry hul naam van die VSA se 'Zoot-suitor' van ŉ vorige generasie en hulle vervul die rol. Hulle is straathoek-'dandies' wat by die ingange van leë winkels, treinstasies en bus terminale rondhang en verbygangers aangluur.

[*House of Bondage,* Cole (1968:123)]

Hoe word die aktiwiteite van Mingus en Charlie se karakters deur die uittreksel bevestig? (6)

3.5 Neem die *Sophiatown*-gemeenskap en die kulturele dinamika daarvan in ag en beantwoord die vraag wat volg.

Skryf kort notas waarin jy voorstelle maak oor hoe Sophiatown gesien kan word as die Suid-Afrika waarvoor ons almal wens, veral kultureel. (10)

**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* BY P.G. DU PLESSIS**

4.1 Wat is die sosio-politiese omstandighede wat in die toneelstuk *Siener in die Suburbs* voorkom? Noem ten minste TWEE. (5)

4.2 Lewer kommentaar op die gebruik van stokkarakters in die toneelstuk. Gebruik voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te staaf. (5)

4.3 Dink aan die doelwitte van die protagonis in *Siener in die Suburbs* en bespreek die volgende:

Hoe blyk dit dat Jakes se karakter die antagonis in die toneelstuk is? Neem sy rol in die intrige van die toneelstuk in ag. (10)

4.4 Watter kostuum sal jy vir Tiemie aanbeveel om haar sosio-ekonomiese status in die toneelstuk duidelik uit te beeld? (5)

4.5 Hoe sal jy van dekor gebruik maak om 'n toneel van *Siener in die Suburbs* effektief in jou skoolsaal uit te beeld? (10)

4.6 Is dit nog nodig vir Suid-Afrikaanse gehore van vandag om 'n produksie van *Siener in die Suburbs* te sien? Gee redes vir jou antwoord. (5)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER [NÁ 1994]

**Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Kandidate moet slegs EEN vraag uit hierdie afdeling beantwoord.**

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1 Bestudeer die onderstaande uittreksel van Portal Studios en beantwoord die vraag wat volg:

| |
|---|
| "Motoriese moment gebeurtenisse is gebeure wat dramatiese aksie forseer. Motoriese momente forseer karakters, instellings, verenigings en gemeenskappe om in aksie oor te gaan en te reageer. Aan die begin van 'n storie word daar dikwels na dit verwys as aanhitsingsvoorvalle, maar motoriese moment gebeurtenisse kan regdeur veelvuldige strome van intrige gebeur en die effek van die motoriese moment gebeurtenisse kan 'n invloed op verskeie intrige-lyne of selfs verskeie vlakke hê". |

Wat is die motoriese moment in *Nothing but the Truth*? Verwys na die toneelstuk om jou antwoord te staaf. (4)

5.2 Bespreek die kulturele konflik in die toneelstuk, *Nothing but the Truth.*

Gebruik EEN karakter van die toneelstuk as 'n voorbeeld. (6)

5.3 Kan *Nothing but the Truth* op 'n traverse verhoog opgevoer word?

Gee ten minste DRIE redes vir jou antwoord. (6)

5.4 Identifiseer redes gebaseer op die intrige van *Nothing but the Truth* wat dit gepas sal maak om as 'verhalend' geklassifiseer te word. (6)

5.5 Is melodrama 'n gepaste styl vir 'n toneelstuk soos *Nothing but the Truth?*

Verwys na die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (8)

5.6 Bespreek die tema, versoening, soos in die toneelstuk, *Nothing but the Truth* ontbloot word. (10)

**[40]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6: *MISSING* DEUR REZA DE WET**

6.1 Wat beteken dit as 'n karakter multi-dimensioneel is?

Verskaf 'n voorbeeld vanuit die toneelstuk, *Missing.* (4)

6.2 Bepaal die redes hoekom sommige dramaturge geneig is om naamlose karakters in hul toneelstukke te gebruik. Verwys na die karakter, Konstabel, in jou antwoord. (6)

6.3 Verduidelik die klankeffekte wat gebruik word en wat dit suggereer oor die wêreld buite Miem se huis in die toneelstuk, *Missing*. (5)

6.4 Die dramaturg laat sekere karakters doelbewus hul aksies herhaal. Meisie loer herhaaldelik deur die venster en Miem maak elke keer beswaar daarteen.

Neem die bogenoemde informasie in aanmerking en skryf 'n kort paragraaf waarin jy bespreek hoe die akteur die verhouding tussen Miem en Meisie kan demonstreer deur van aksies gebruik te maak. (5)

6.5 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vraag wat volg:

| |
|---|
| Nog 'n Jungiaanse idee is dat die onderdrukking van diepgewortelde magte en passies in die menslike psige 'n vernietigende uitwerking op die individu het. |

Bewys die bogenoemde stelling deur na Meisie se karakter te verwys. Gebruik die toneelstuk as 'n bron om jou antwoord te staaf. (10)

6.6 Bespreek die verskillende vlakke waarop die tema, blindheid, in die toneelstuk aangespreek word. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING D: GESKIEDENIS VAN DIE TEATER, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae.**
**VRAAG 7 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 7: GESKIEDENIS VAN DIE TEATER (VERPLIGTEND)**

7.1 Verwys na die volgende bron: (BRON A) en beantwoord die vrae wat volg:



7.1.1 Watter tipe verhoog word in BRON A uitgebeeld? (2)

7.1.2 Noem TWEE vaardighede wat 'n akteur benodig om op so verhoog op te tree. (2)

7.1.3 Identifiseer die sterkste fokuspunt in BRON A. Voorsien 'n motivering vir jou antwoord (2)

7.2 Verduidelik die term *Eksistensialisme*. (2)

7.3 Wie was die stigter van *Teater van Wreedheid*? (2)

7.4 Wat was die hoof doel van *Teater van Wreedheid*? (2)

7.5 Daar word gesê dat die wêreld huidiglik in 'n post-moderne toestand verkeer.

Wat beteken die term Post-modernisme? (2)

7.6 Verduidelik die redes wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die 20ste eeuse *ismes* en voorsien 'n paar voorbeelde van teorieë en of gebeurtenisse om jou respons te motiveer. Jy kan voorbeelde gebruik wat van toepassing is op die toneeltekste wat jy bestudeer het. (6)
**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Antwoord SLEGS EEN van die volgende vrae.**

**VRAAG 8: STEM EN FISIESE WERK**

8.1 Stem- sowel as fisiese opwarmings is belangrike aspekte van Dramatiese Kunste.

Ontwerp ŉ stem-opwarming waar jy die gebruik van konsonante, intonasie en artikulasie insluit. (9)

8.2 Wanneer jy vir ŉ karakter voorberei, kan dit uitdagend wees om fisies jou karakter uit te beeld.

Bespreek die proses wat jy sal volg wanneer jy vir ŉ karakter in een van die Suid-Afrikaanse toneelstukke wat jy in Drama bestudeer het, moet voorberei.
Gee die naam van die toneelstuk, asook die naam van die karakter waarna jy sal verwys. (8)

8.3 ŉ Akteur moet in staat wees om ŉ karakter te internaliseer in terme van stem- en fisiese karakterisering.

Wat beteken dit om ŉ karakter te internaliseer? (3)
**[20]**

**OF**

**VRAAG 9: LEWENDIGE OPVOERING**

9.1 Jy is besig om aan jou tema-program as jou finale praktiese assessering te werk.

Maak aantekeninge oor jou tema, die boodskap wat jy aan die gehoor wil oordra en waarom dit relevant is om hierdie tema vandag aan te spreek. (6)

9.2 Bestudeer die volgende elemente wat jy met die samestelling van ŉ tema-program moet oorweeg:

- Die keuse van jou tema
- ŉ Titel wat die oog vang
- Konstruksie van die program
- Die skep van skakels
- Blok van die program
- Verken jou ruimte
- Verken jou energie

In ŉ kort opstel, bespreek hoe jy jou program saamgestel het. Verwys na ten minste DRIE van die bogenoemde elemente en verduidelik hoe jy daardie spesifieke element in jou program gebruik het. (8)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.3 Wanneer jy vir ’n **monoloog** voorberei, is daar ook ’n aantal elemente wat jy moet oorweeg, soos:

- Verhoudings
- Konflik
- Die oomblik net voor
- Humor
- Kommunikasie
- Ontdekkings

Kies TWEE elemente wat jy gebruik het ter voorbereiding vir ’n monoloog. Skryf ’n paragraaf waarin jy elke element beskryf, asook hoe jy hierdie element gebruik het om jou te help met die voorbereiding van jou monoloog. (6)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 10: KULTURELE OPTREDES EN RITUEEL**

Die volgende is ’n lys van drama-elemente:

- Fokus
- Ritme
- Kontras
- Atmosfeer
- Spasie
- Klank
- Simbole
- Konflik
- Klimaks

Daar is in vele studies bewys dat teater of drama sy oorsprong in rituele het. Baie kritici glo dat daar ’n duidelike ooreenkoms tussen die verhalende strukture en selfs die ‘teater ondervinding’ is.

Kies VIER elemente uit die lys wat verskaf word en skryf ’n paragraaf oor elkeen waarin jy die redes verduidelik waarom ’n ritueel as nou verband met teater of dramatiese optredes gesien kan word. **[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com
eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com